

Cas. de Cor 75,
Comodoro Rivabavia,
Argentina.

Ds. A.D. Luckhoff,

2 Jan., 1935.

Stellenbosch.

S. Africa.

Geagte Broeder,

U brief van 6 September het ek eers in December ontvang daar ek op die rondgang was, sonder 'n posgeleentheid wat my rigting gekom het. Dit is vir my nie nodig om mee te deel nie dat die versoek daarin bevat vir my 'n saak van gedurige en ernstige gebed in die laaste maand was, te meer daar u so ernstig op die wenslikheid van 'n langer verblyf gewys het en gemeentelede ook aanhoudend daar op aangedring het. God het my egter gelei om vanmôre hierdie - vir my - 'n moeilike brief, en - soos ek moet aflei - vir u 'n teleurstellende brief te skrywe. Laaste Sondag (30ste) het ek by die Nagmaalsdiens aan die gemeente bekend gemaak dat ek hulle in Meimaand gaan verlaat. Dit was die donkerste dag in my bediening omdat dit my oneindig verdriet aandoen om my getroue helpers(sters) so teleur te stel, en bitter swaar val om liefdesbande hier geknoop te verbreek, en werk hier onder ons minder bevoorregte eie mense begin en voortgeset te staak. Maar ek glo seker dat my keuse hoe teleurstellend ook vir my en vir ander, in die plan van Gods beskikking val en enkel vir die bevordering en voordeel van Sy saak geneem is.

Die datum van my terugkeer is nog nie op besluit nie. Heel waarskynlik sal ek dan in die begin van Mei hier vertrek, na alle gemeentelike werksaamhede van die halfjaar afgeloop is. Die plan is om meer of min dieselfde roete terug huis toe te volg soos u destyds, n.l. deur die Panama na Europa. In die Vasteland wil ek skemas en inrigtings gaan be-

soek wat my tot nut kan kom i.v.m. sosiale werk, en weer wil ek herhaal dat ek baie dankbaar sal wees vir enige hulp wat u my daartoe kan verleen, soos raadgewings, wenke, adresse van plekke, ens. Kan die A.A.K. of enige verantwoordelike liggaam nie vir my 'n introduksie-brief na 'n paar vername plekke gee nie ? of aan ons verteenwoordigers in daardie lande op wiese steun ek dan sal kan reken as ek daar aankom?

Ek reken dat so 'n rit meer of min drie maande in beslag sal neem, en daarvan wil ek graag soveel nut trek as moontlik. Geld sal ontbreek om dit langer of selfs so lank te maak.

Wat betref gemeentelike werksaamhede : my pas afgelope rondgang deur die gemeente was vir my as leraar baie bemoedigend in meer as een opsig. Opkomste by die wykskerke was meer bevredigend as gedurende my eerste rondgang, minder jeuk-plekkies tussen Gereformeerdes en ons was te bespeur ; intendeel, hulle het ons kerke hierdie keer soos hongeriges toegestroom - want hulle pastor, Ds.A.C.S., het hulle nie kom besoek nie, en dit het nie gelyk of die teleurstelling baie groot gewees het nie. In ons geledere heers daar ook kalmte en vrede, maar in die harte nog 'n koudheid wat my met baie ongerus laat leef, veral daar dit moet gesê word van 'n paar van ons invloedryke Kerkraadslede.

Ons vrees vir 'n swak finansiële jaar. Die boere het deur die droogte, wat gelukkig nou gebreek is, duisende van hulle skape verloor, en wol het vanjaar 'n baie swak prys. En ons het geld baie nodig want daar is nou die skuld op die transportasie van die kerkerf - \$2700. Ons sal egter ons uiterste bes doen.

Die skoolkwessie ruys soos lood op my gemoed. Die Argentynse owerheid het in gebreke gebly om te handel op ons billike versoek - en ek had so 'n goeie hoop ! Ds. van Vuuren se skema is probeer n.l. wykskooltjies met

plaaslike talent vir onderwysers. In een wyk is daar 'n begin gemaak, en die is al weer besig om dood te loop. Plaasskooltjies het ons aangemoedig; daarvan is hier nou drie. Ag, broeders! alle pogings loop hulle te pletter op die rots -- losies, losies! Dit is hierom dat die hostel-skema die enigste doeltreffendste kan wees, en hierom dat ons weer 'n poging aangewend het - nou na die Afrikaanse regering - om te sien of ons nie nog ons doel kan verwerklik nie. In Ander weg sien ek nie raak nie, en kry ook niemand met kennis van hierdie omstandighede om iets anders aan die hand te gee nie.

Hoe gaan dit met u famielie? Hoop Isabeau is by die tyd al weer heeltemal gesond. Nou die aand met 'n Kersfeesboom het ons oor die honderd Afrikaner-kindertjies bymekaar gehad -- o, dit was 'n gesig, maar ek kon nie help om verdrietig te voel nie -- want wat van hulle toekoms?

Met die gesondheid van Dr. Visser hulle gaan dit ook nou weer beter, hoewel hulle seun en een dogterjie nog in die Noorde in Hospitale is. Ou mnr. Visser wie sy been laat afsit het, verkeer nou weer hier in ons midde maar is in baie swakke gesondheid.

U 'n jaar toegewens van gesondheid en seën van God sluit ek

met beste groete,

geheel die uwe,

H. J. P. K.